**Woensdag 28 Junie**
**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:1-12**
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:9, 10 (AFR83)**
**Broeder- én susterliefde ... die Vader se liefdevolle bevel!**

Lees vandag se fokusverse (met baie spesifiek 1 Tessalonisense 4 se eerste twee verse in gedagte). Paulus wat destyds én vandag ’n saak aanroer wat hy geïnspireerd-liefdevol aan die orde stel. En dit is om die Here se kinders daaraan te herinner dat hulle geloof duidelik moet blyk uit hulle lewe van elke dag, al wagtende op die wederkoms van die Here Jesus.

Allermooi praktiese, belangrike daaglikse sake vir die lewensagenda van mense totdat die Here op die wolke kom (vs 9, 10):

- Liefde tussen gelowiges moet dag vir dag toeneem!
- Lewe rustig! (As ’n saak van eer.)
- Hou jou met jou eie sake besig!
- Voorsien self in jou lewensonderhoud!

Wanneer die Here kom, dán word ons gelyk aan Hom. Maar tot dan moet onder andere innige onderlinge liefde tussen kinders van die Here aan die orde van die dag wees, baie spesifiek in die gesinskring.

Broederliefde ... ’n woord allermooi wat betekenisinhoud betref:

- “Broeder/suster”: Filadelfia ... veel meer as ’n verbintenis met bekendes’ Filadelfia dui om ’n sorgsame, respekvolle en deernisvolle aangetrokkenheid tot diegene met wie ’n mens met bloedbande verbind is. Familiebande, gesinsbande!
- Onthou daarom ook die “agapé”-liefdewoord. Die Griekse woord wat die suiwerste, edelste en daadwerklike vorm van liefde uitspel. Veel meer as ’n emosionele gevoel. ’n Daadwerklike liefde, soos die liefde van die Here Jesus Christus lewenslank op aarde en tot aan die kruis.

Broederliefde ... die tipe liefde wat gelowiges en gesinslede, as mekaar se broers en susters met God as Vader, vir mekaar moet hê. Opofferend, sagkens met begrip, geduldig en sagmoedig. Huismense in mekaar se teenwoordigheid.

Filadelfia-liefde as Godsbevel vir broers en susters, ouers en kinders, ook as huisgesin van ons Vader. Inderdaad, waar broers en susters (gesinsmense) só leef, gee God sy seën – die lewe tot in ewigheid!

*Sing: Psalm 128-2:2*

*Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)*